GEOGRAFIE

# Handel in Suid-Afrika en die wêreld

## Graad 6

Week 2: 29 April


Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 2

# WAARMEE MENSE HANDEL DRYF (BL.40-41)







Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Sleutelvrae:

- Met watter tipe dinge dryf mense handel?
- Wat is grondstowwe en vervaardigde goedere?
- Wat is vaardighede en dienste?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# EKONOMIESE AKTIWITEIT:

Die werk wat mense in ’n land doen.

(goedere of produkte is die dinge wat mense kweek, jag, vang of maak en dan mee handel dryf.)

**Twee hoofsoorte goedere:**

## ***Primêre Produkte***

Kom van beroepe soos boerdery, bosbou, vissery en mynbou.

**GRONDSTOWWE**

Bv. vis, hout, minerale

## ***Sekondêre Produkte***

Kom van beroepe wat grondstowwe verander of gebruik om sekondêre produkte te maak.

**GEMAAKTE of VERVAARDIGDE PRODUKTE**

Bv. geblikte vis, houtmeubels, motors

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# GRONDSTOWWE (PRIMÊRE PRODUKTE):

- Van **die natuur**, soos steenkool, hout, minerale,vis.
- "Grondstof" beteken materiale wat nog **nie verander** is nie.
- "Primêre" beteken eerste.
- Ystererts word byvoorbeeld gebruik om staal te maak.
- Suid-Afrika voer steenkool en ystererts uit.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VERVAARDIGDE GOEDERE (SEKONDÊRE PRODUKTE):

- “Vervaardig” beteken om iets te maak.
- Voorbeelde: DVD’s, meubels, motors, telefone, klere, rekenaars, televisies.
- Dit kom van beroepe wat grondstowwe verander of gebruik.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VAARDIGHEDE & DIENSTE:


- Verskillende werk vereis verskillende vaardighede.
- Dienste wat mense verskaf – Dokters, Onderwysers, Busbestuurders, Skoonmakers, Straathandelaars, Regeringsminister.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VAARDIGHEDE & DIENSTE

Vaardighede en arbeid kan ook met geld verkoop of verhandel word. Hierdie tipe beroepe word as **diensverskaffing** beskryf.



# OM PRODUKTE TE VERVAARDIG HET JY DIE VOLGENDE NODIG:

- **Grondstowwe**
- **Tegnologie** en **toerusting**
- **Mense** met die vaardighede en kennis om dinge te maak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 3:

LAERSKOOL MIKRO

1. Rangskik die goedere onder twee opskrifte (skryf die pryse langs elke naam)

Ton ystererts – R1 500; Hangkas en spieëltafel – R4 000; Stapel hout – R2 000; Sakke steenkool – R150; Fiets – R5 000; Blokke klip – R500; Toyota Hilux – R 500 000

| Grondstowwe | Vervaardigde goedere |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit 3 vervolg:

LAERSKOOL MIKRO

1. Watter soort produkte is duurder - grondstowwe of vervaardigde goedere?

2. Wat is die duurste produk? Lys die grondstowwe wat jy dink in hierdie produk is.

3. Verduidelik hoekom baie prosesse voorwerpe duurder maak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Ekstra:

Wolkskool se **video's** en **werkkaarte** is nie verpligtend nie, maar dit word beslis aanbeveel as 'n ekstra hulpmiddel.

**Video en werkkaart** – https://wolkskool.co.za/inhoud/sosiale-wetenskappe/kwartaal-2-geografie/waarmee-word-daar-handel-gedryf

Laerskool Mikro Kopiereg ©